

Ds. A. W. C. Bester
Warmbad
22 September 1968

Onderwerp: Beproewing

Lees: Jakobus 1 verse 1 tot 10
Teks: Jakobus 1 verse 1 tot 4
Sing: Psalm 42 verse 1 en 7
Gesang 20 verse 1 en 9
Gesang 52 vers 11

“Elke krieseltjie goud is in die erts omring deur waardelose afvalstowwe. Dit moet van die goud geskei word in ’n lang en moeilike suiweringsproses. Maar, Broers en Susters, die mynmagnaat ag geen moeite te groot om die goud te bekom nie, want goud is kosbaar. Hierdie goud het waarde vir hierdie aardse koninkryk, maar die goud van die geloof is die betaalmiddel in die Hemelse Koninkryk.

“Om die goud van die geloof uit die ruwe erts van ons sondige lewe voort te bring, het Jesus Christus aan die kruis van Golgota gesterf. As God elke dag op ons lewenspad bemoeienis met ons lewe maak, dan is dit om die goud te suiwer van die waardelose afvalstowwe wat ons lewens omring.

“By God, Broers en Susters, gaan dit enkel en alleen om die geloofsgoud wat ewigheidswaarde het. In God se suiweringsproses maak die HERE God van verskillende dinge gebruik. Maar in alles wat hy oor ons lewe bring, is daar net één hoogheilige doel. Die suiwering van die geloof en die skoonmaak van die goud, om eendag te skitter in die Hemelse skatkamer.

“Om hierdie brief beter te kan verstaan, moet ons let deur wie en aan wie dit geskryf is. Jakobus rig hierdie brief aan die verstrooides, die volgelinge van Jesus Christus wat deur vervolging verjaag is. Dit het met hulle alles behalwe goed gegaan, soos dit blyk uit die inhoud van hierdie brief. Hulle is nie alleen uit hul eiendom vervreem en onteien nie, maar moes ook elke dag in hulle verstrooiing die spot en hoon van ongelowige Jodegenote verduur. Hulle het slawe geword. Hulle is voëlvry verklaar omdat hulle die gekruisigde Nasarener aangehang en aanbid het.

“As Jakobus dus praat van ‘allerhande versoekinge’, dan bedoel hy eintlik die worstelstryd wat hulle deurgemaak het om onder al hierdie aanslae nog te lewe. Dit was om dag vir dag in lewensgevaar te

verkeer; om dag vir dag te werk vir 'n hongerloon; om die steniging van medegelowiges te aanskou. Dit is aan hierdie vervolgdies in verstrooiing wat Jakobus skryf: 'Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val'. (Jak 1:2)

"Is dit nie onverstaanbaar om in 'n brief aan sulke mense, met sulke woorde te begin nie? En tog, Broers en Susters, sê Jakobus: al julle lyding en ellende kan en moet vir julle 'n oorsaak van groot vreugde wees.

"Van vreugde? Hoe is dit moontlik?

"Ons eerste vermoede is dat Jakobus vêr buite die praktyk van die lewe gestaan het, onbekend met die harde werklikheid van 'n lewe wat aanhoudend met moeite, ellende en vervolging belaaie was. As hy dit alles self moes deurgemaak het, sou hy nie van 'louter vreugde' gepraat het nie. Dit lyk asof Jakobus soos 'n dominee is wat in sy preek baie te sê het oor armoede, ellende, siekte en dood, terwyl hy self van al hierdie dinge en van die stryd en worsteling niks weet nie.

"Hoe kan 'n mens vir mense wat voor die voet swaarkry sê: 'Ag dit louter vreugde'? Mense wat die vastigheid en veiligheid van 'n eie woning ontnem is. Mense wat hulle hele verdienste verloor het. Hulle bloeiende kerklike lewe was slegs 'n vae herinnering. Dag vir dag moes hulle swoeg vir 'n karige porsie. Hulle was veragtes in die maatskappy.

"Maar Jakobus is nie onbekend met hierdie dinge nie. Ook sý lewe het hierdie steiltes geken. As dissipel van Jesus Christus het die Heiland se woorde ook oor sy lewe waar geword: 'As die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het.' (Joh 15:18) Hy moes met sielswroeging en smart aanskou hoe 'n medegelowige, Stefanus, met klippe doodgegooi is, omdat hy die kruis en die Evangelie nie wou versaak nie. Hy het aanskou hoe die kudde van God uitmekaar gejaag is. En dan, Broers en Susters, word hierdie woorde 'louter vreugde' nog meer onverstaanbaar.

"Dit is alles behalwe vanselfsprekend dat Jakobus en die verstrooides hulle sou verheug. As dit met 'n mens sleg gaan, mag geen mens hom immers verbly nie. Nee, ons mag nie.

"Só, van watter soort vreugde praat Jakobus dan? Wat vir 'n vreemde soort vreugde is dit?

"Broers en Susters, al hierdie dinge, ook die lyding en smart van hierdie lewe staan nooit in isolasie nie, staan nooit los en alleen nie. Die wêreld sien hierdie dinge as losstaande van God en sy bestiering. Die gelowige mag dit nie so sien nie. Sodra die gelowige sy

lyding en kruis wat hy moet dra, los sien van God en God se plan met sy lewe, word hy soos 'n wêreldling. Want, Broers en Susters, die gelowige ly, maar hy ly nie soos 'n wêreldling nie. Hy weet dat God agter die lyding staan. Die lyding is nie maar net 'n soort noodlot wat hom tref nie. Nee, in die lyding is daar 'n hand, 'n Vaderhand wat stuur.

“Deur hierdie versoeking en beproewing werk God aan hulle lewe. Die HERE, die werkmeester en groot kunstenaar staan agter al die ellende en beproewing van ons lewe soos 'n goudsmid, 'n goudsmelter. In die vuur van lyding en beproewing suiwer hy ons geloof. Dan alleen kom die suiwer goud van die ware geloof tevoorskyn.

“Alles wat nie by die geloof hoort nie, die vuil afvalstowwe moet daaruit weggeneem word. Want dit is die onsuiverhede wat die geloof verhinder om te werk en toe te neem soos dit moet. Dit is hierdie onsuiverheid van sonde wat ons geloof onaktief maak en laat kwyn. Dit is hierdie afvalstowwe wat ons lig onder 'n maatemmer verberg en ons 'n oneer vir God maak. Die afvalstowwe in ons lewe is dikwels die oorsaak dat die wêreld nie eers weet dat ons kinders van God is nie.

“Waaruit bestaan hierdie afvalstowwe dan? Dit hoef nie noodwendig allerhande lelike en vuil sondes te wees nie. Dit hoef nie opvallende gruweldade te wees nie. Hierdie afvalstowwe kan ook gevind word by gelowiges, wat as hulle sou vertrek uit hulle gemeente, 'n goue getuigskrif sou kry. Want sien, Broers en Susters, alles wat daar in die geloof nog van onself is, is onsuiver afval. Dit is hierdie dinge wat deur die vlam van lyding en beproewing uitgesuiwer moet word, sodat dit kan bo drywe om afgeskep te word. Daarom sê God dat beproewing nie tot ons ondergang is nie, maar tot ons redding en beswil.

“Ons kan nie die sêen van die reënstorm ervaar as die son aanhou skyn nie. Daarom sê Jakobus: Ag dit louter vreugde wanneer die donker wolke van God se genade saampak bokant die akker van jou lewe.

“As die ellende oor ons lewe kom, dan moet ons weet dat God in besonderheid met ons besig is. En dit, Broers en Suster, moet my vreugde verskaf om te weet dat God my nie vergeet het nie, maar deur die ellende in my lewe werk. Dit en dit alleen word ons vertroosting onder die druk van hierdie lewe.

“Sonder hierdie kennis is daar net een moontlikheid: ek sal deur my leed en lyding ondergaan.

“Veral een eienskap van die geloof kom onder sulke omstandighede sterker na vore. Dit is lydsaamheid. Lydsaamheid wat ons opwek tot volharding, want lydsaamheid beteken eintlik volharding. Dan is dit asof Jakobus vir ons wil sê: hou aan my broers, hou goeie moed. So weerklink Jakobus se bemoediging ook aan die dissipels in die nag van storms.

“Deur die geloof moet daar in die lyding vol vertrou vasgegryp word aan die beloftes van God: Ek het ’n doel met julle. Julle beproewing is nie doelloos en sinloos nie. Julle geloof word deur die lyding getemper en ontwikkel weerstandsvermoë. Julle geloof word ryker, voller en kragtiger.

“God wil ons sterk maak. God wil ons verlos van al die afvalstowwe. Alleen wanneer ons só vrygemaak is, word ons deur ons lyding ook verkondigers van sy verlossende Evangelie. En dit, Broers en Susters, is God se doel met ons.

“Ons sien die saak dikwels anders. Ons wil wel aanvaar dat God se hand agter ons beproewing en ellende met ons besig is. Maar, so sê of dink ons na ’n tyd: kan die louterende vlam nie maar ’n bietjie laer gestel word nie? Kan die vuur tog nie maar heeltemal doodgemaak word nie? Kan die aanhoudende teenslae nie maar minder word nie? Kan God nie nou maar die doring in die vlees wegneem nie? Dit duur tog nou al lank genoeg.

“Ja, Broers en Susters, ons is gewoonlik voor God klaar met die louterproses. As ons dink: nou end dit, dan is God meestal nog nie klaar nie. God se werksplan met ons is dikwels breedvoeriger as dié wat ons vir onself uitgewerk het. Want ons meet en oordeel anders as wat God meet en oordeel. Nee, Broers en Susters, ons moet nie aan God voorskryf nie. As God nog nie opgehou het nie, moet ons weet God is nog nie klaar nie en Hy wil nog iets groter en heerliker aan ons lewens skenk.

“Ons moet God nooit probeer verhinder in sy suiweringsproses van ons lewe nie. Hy wil ons sonder gebrek deelgenote maak van sy Koninkryk hierna. Hy laat niemand uit die lydingskool gaan voordat ons nie ook die laaste eksamen suksesvol afgelê het nie. Hy reik geen sertifikaat uit voordat die geloof nie suiwer is nie.

“Die suiwer goud van die geloof moet geskei word van die vuil afvalstowwe. Daarna plaas God op sy tyd die gesuiwerde goud in sy Hemelse skatkamer.

“Amen.”